**JUST JESUS** – preekreeks Jan-April 2022 – Londenwyk

**Ons lees:**

## Week 10: 27 Maart – 2 April

## Just Jesus – 'n Apokalips is oppad – Markus 12/13

As ons soos Jesus wil wees dan moet ons tyd met Hom deurbring – in sy Woord en in gebed. En dit gee af op jou. Wie is Jesus vir jou? Ek bid dat hierdie reeks vir jou nuwe prentjies sal wys van hierdie Jesus en jou sal help om Hom nuut raak te sien en nuut te verstaan.

Vir hierdie reeks – **Just Jesus** – is daar vir elke dag van die week 'n teksgedeelte uit die Bybel wat jy kan lees. Ons gaan deur die evangelie van Markus lees. Maar moenie dit net lees nie. Dink daaroor. Lees dit weer. Wat raak jou in die gedeelte? Hoe gaan dit jou vandag challenge? Bid daaroor. Of raak net stil en wag dat die Here met jou sal praat.

Ek glo hierdie tyd wat jy met die Here en met sy Woord gaan deurbring gaan jou shape, dit gaan afgee op jou.

### Sondag 27 Maart se preek: Markus 13:1-13

### Maandag 28 Maart – Markus 12:18-27

*Jesus challenge die Skrifgeleerdes en Fariseërs (weer) omdat hulle allerhande tegniese vrae het oor Skrif-interpretasie. Jesus se antwoord in v 24 is dat dit hulle groter fokus eerder moet wees om die bedoeling van die Skrif te verstaan en hulleself oop te stel vir God se krag om deur hulle te werk.*

*Wanneer laas het jy ervaar dat God kragtig in jou werk?*

*Met watter moeilike vrae oor die Skrif loop jy rond?*

### Dinsdag 29 Maart – Markus 12:28-34

*Hierdie is die samevatting van die wet. Amper asof die Here wil antwoord dat alle ander sake is ondergeskik hieraan: Hoe lief is jy vir God en hoe lief is jy vir mense?*

*Is die heel belangrikste saak in jou godsdiens die feit dat jy vir God lief is?*

*En vir mense lief is?*

### Woensdag 30 Maart – Markus 12:35-44

*In Jesus se koninkryk is die heel belangrikste mense hulle wat opreg Hom dien met alles wat hulle het en nie die heeltyd voorgee en probeer belangrik wees nie. Dit tel niks vir Hom nie. dit gaan nie oor hoeveel jy gee nie, maar of jy met die regte gesindheid gee!*

*Gee jy uit jou oorvloed? Of in ander woorde: Wat kos dit jou om te gee?*

**Donderdag 31 Maart – Markus 13:1-13**

*Jesus se voorspellings oor die toekoms (apokalips) wil die punt maak dat daar 'n totaal nuwe wêreld oppad is, wat ons gedink het is normaal, bestaan nie meer nie – tog wat oorloë en natuurrampe regkry. Dit los jou totaal buite beheer, maar as ek Jesus reg verstaan is dit net geboortepyne – die begin van iets nuut!*

*Hoe kan trauma die begin van iets nuut word?*

**Vrydag 1 April – Markus 13:14-27**

*Hierdie voorspellings gaan voort, maar al die slegste moontilke goed wat met 'n mens kan gebeur het nie die laaste woord nie. Dit is nie werklik die einde nie – al voel dit soms so. Eers as Jesus weer kom, is dit die einde – Hy sal alles oorwin.*

*Watter belofte hou Jesus se wederkoms vir ons is?*

**Saterdag 2 April – Markus 13:28-37**

*Jesus se belofte in hierdie tye is dat sy woorde nooit sal vergaan nie, maak nie saak wat gebeur nie. Ons uitdaging is om waaksaam te bly, ons moenie opgee en ophou vashou aan sy beloftes vir ons nie.*

*Hoe kan jy vandag waaksaam wees?*

*Aan watter beloftes in die Bybel hou jy vas?*